Wat gebeur met 'n gevangene in die gevangenis?

Sr Marlien van Heerden het redelik onlangs goedkeuring ontvang om vroulike gevangenes in Pretoria-Sentraal gevangenis te bedien. Dit gaan baie goed daar. Daar is al meer as 30 vroue-studente wat aangesluit het by die weeklikse Crossroads Bible Institute (CBI) Bybelkursus program. Marlien vertel so bietjie van haar eerste paar maande se ervaring.

So lyk dit in die tronk

Klere word deur die Departement van Korrektiewe Dienste verskaf. 'n 'Uniform' bestaan uit 'n blou broek en wit T-hemp met donkerblou blaadjie vir die vrouens. Familie mag beddegoed en ook ander klere bring, solank dit aan die voorskrifte voldoen. Verhoorafwagtendes word nie van klere voorsien nie en is dikwels vir maande in die klere waarin hulle gevange geneem is.

Hulle familie verwerp hulle dikwels en kom dan nie op besoek nie. Hierdie mense is dan daadwerklik van al die bekende dinge in hulle lewe afgesny.

Etes bestaan tipies uit pap/brood vir ontbyt (08:00) met iets wat herinner aan grondboontjiebotter en konfyt. Middagete (12:00) is brood, kool en pampoen met 'n hardgekookte eier of iets wat herinner aan 'n Weense worsie. Aandete is weer brood (15:00). Die vroue is meestal moeg en sonder energie, baie sukkel om aan te pas by hierdie dieet. Indien die familie geld inbetaal (tot R600, afhangend van jou vonnis) kan bv. tuna gekoop word by 'n snoepie, teen dubbel die normale prys. Veral die Brasiliaanse vroue sukkel met hierdie dieet. Hulle koop – met geldelike bydraes van kerke – pasta wat hulle in ketels kook. Die ketels word ook deur kerke vir hulle gebring.

Tussen ontbyt en middagete is daar geleentheid om wasgoed te was, te oefen, naaldwerk te doen, skool te gaan of Bybelstudie by te woon, 'n kliniek, maatskaplike werker of 'n sielkundige te besoek. Party 'bevoorregtes' kan kantore of huise op die gevangenisgronde gaan skoonmaak in hierdie tyd - altyd vergesel van 'n bewaarder. Sommige oefen dan ook vir sport: atletiek, sokker, volleybal en netbal.
Spanne neem soms aan wedstryde teen ander gevangenisse deel.

Na 15:00 word hulle weer toegesluit in hul selle. Tot 46 vroue word in 'n sel aangehou en deel een toilet. Indien jy byvoorbeeld vir matriek studeer (lesse word dikwels aangebied deur ander mede-gevangenes) kan jy in ‘n dubbel kamer bly met net een ander gevangene. Finansiële ondersteuning van buite word benodig indien jy verder as matriek wil studeer.

Die vroue word dikwels van die een na die ander kamer verskuif, waartydens al die besittings uitgegooi word, terwyl ander mede-gevangenes reeds intrek. Tydens hierdie sessies verloor hulle baie items. Selfs Bybels word gesteel en gebruik om sigarette mee te maak. Ruilhandel word gedoen in koffie, suiker of ander items, in ruil vir dienste soos wasgoed was en hare doen.

Bybelstudie elke week

Wanneer die byeenkoms begin, deel ek eerstens die nagesiene Bybelstudielesse uit. Hulle kan nie wag nie en maak vinnig oop en kyk wat is geskryf en lag en wys mekaar. Groot is die opgewondenheid oor die brief van die instrukteur en die nuwe les, maar ook groot is die ongelukkigheid as twee weke verby is en hulle kry nie hul les terug nie - veral as hul vriendin saam ingehandig het en hare is wel terug. Hulle kan eenvoudig nie wag vir die terugvoering en nuwe lesse nie. Daar word soms só saamgesels oor die onderwerp onder bespreking dat ek met moeite die groepie se aandag by ons boodskap hou.

Ander dae kan sommige nie hul oë oophou nie, hulle wil so graag konsentreer maar is geweldig moeg. Ek skryf dit toe aan die lae voedingswaarde van die dieet en die hoë styselinhoud.

'n Groot frustrasie is die gereelde onderbrekings en aandag word maklik afgetrek in die saal waar ons bymekaarkom, omdat daar gedurig ander mense is wat deurloop en kliphard gesels. Ten spyte van al die struikelblokke is daar gereeld een wat sê: ek weet hierdie boodskap is vandag vir my; of: ons het net gister daaroor gewonder. Dis vir hulle heerlik om saam rondom God se Woord te verkeer en hulle vra gereeld of ek nie maar elke dag kan kom nie.

Daar is normaalweg tussen 3 en 12 vroue wat die oordenking/Bybelstudie bywoon. Hulle neem die ander se lesse vir hulle saam, of party studente

kom gou hul lesse kry, op pad na ander aktiwiteite. Party studente kom, wanneer die Bybelstudie verby is, vir 'n ‘alleen-geselsie’.

Hoe raak dit ons?

Dit kon ek of jy gewees het wat om een of ander oortreding in die gevangenis beland het. In die Bybel lees ons van Josef en Paulus wat sonder wettige rede in die gevangenis toegesluit word. Die gevangenes hier is net deur die Here se genade uit hul omstandighede uitgehaal en die kans gegee om tot hul sinne te kom. Om dié Here te leer ken.

Soos een vir my sê: ek het altyd die Here geken, maar hier het ek geleer om na Hom te luister. Daar is heelwat gevangenes in die gevangenisse in en om Pretoria met baie behoeftes en wat soms radeloos is oor wat met hulle gebeur het. Sommige van hulle het deur hulle eie skuld of (gebrek aan) opvoeding of sommer net deur omstandighede daar beland. Ons mag nie oordeel nie. Christus vra dat ons hulle moet opsoek en nie eenkant laat nie. Christus, wat ons uit die ‘tronk’ van ons sondes verlos het, vra: wat is ons ingesteldheid? …

U hulp word benodig!

CBI benodig by die Pretoria Sentraal-vrouegevangenis *dames* wat bereid is om tydens naweke besoek af te lê. Dit is besoeke aan vroue wat geen ander besoekers ontvang nie, omdat hul familie baie ver woon (Brasilië, Zimbabwe) of omdat hulle familie en vriende hulle afgeskryf het. As hierdie vroue selfs net een keer 'n maand besoek kan ontvang, sal dit van onskatbare waarde wees.

CBI benodig ook dringend *mans* wat as vrywilligers Bybelstudie met gevangenes wil doen en lesse na ‘n paar mans-gevangenisse kan neem. Ons het toestemming om by Atteridgeville (naby Valhalla), ODI (naby Soshanguve) en Local (by die Sentraalgevangenis) in te gaan, maar beskik nie oor die nodige mannekrag nie.

Vrywilligers word voortdurend deur 'n bewaarder vergesel. Die studente wat na die Bybelstudies kom het behoefte aan die Woord van God en gemeenskap met gelowiges. Daar word saam met die vrywilliger besluit op 'n geskikte dag van die week en die besoek kan dan tussen 09:00 en 11:00

plaasvind. 'n Kort oordenking of Bybelstudie word gewoonlik saam met die groep gedoen.

CBI het nou ook die nuwe uitdaging om *persone wat vrygelaat word te help* om weer in die samelewing opgeneem te word. Hulp word benodig met ‘n “re-entry” program, verblyf (tydelik of permanent), werksgeleenthede, kos, Bybelstudies en emosionele ondersteuning.

Die tronk is op 'n manier ‘n veilige omgewing vir jong gelowiges omdat hulle baie tyd het om aan Bybelstudies te spandeer. In die woorde van een van ons studente wat onlangs vrygelaat is: “ek kan nie glo hoeveel besluite mens elke dag moet neem nie”.

Kontak asseblief vir Marlien by 082 562 5008.